**Wat gebeur indien konsiliasie pogings misluk?**

Indien die twee strydende party groepe nie tot vergelyk kan kom nie, of die werkgewer weier om die konsiliasie vergadering by te woon, sal die kommissaris ‘n sertifikaat uitreik wat bepaal dat die saak onopgelos is.

Beide partye mag dan die geskil, afhangend van die aard daarvan, verwys na die KMKA vir arbitrasie of na die Arbeidshof vir beoordeling daarvan.

<u>Geskil sake van die opvolgende aard word na die KMKA of Bedingingsraad verwys vir arbitrasie:</u>

- Onbillike arbeidspraktyke wat nie diskriminasie insluit nie.
- Afdanking vir optrede van wangedrag (die werkgewer beweer die werknemer het gefouteer).
- Ontslag weens onbekwaamheid (die werkgewer beweer die werknemer faal m.b.t. diens gehalte).
- Skeidings pakkette.
- Geskille insake organisatoriese regte van vakbonde.
- Beweerde onbillike besnoeiing waar sodanige besnoeiing ‘n individuele werknemer betrek.
- Verbreking van ‘n kollektiewe ooreenkoms.

<u>Geskille betreklik tot hierdie sake word verwys na die Arbeidshof vir beoordeling:</u>

- Geskille wat diskriminasie insluit.
- Besnoeiings.
- ‘n Outomatiese onbillike afdanking.